

# Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 194**

(Maart 1985)

## **Die Here kom!**

\* \* \* \* \*

"Maar *niemand* weet wanneer daardie dag en uur kom nie, nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit."

(Mat. 24:36)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# Altyd gereed

Hierdie profetiese gelykenis van die Here Jesus vind ons in Matt. 24. En Jesus lewer hierdie rede die Dinsdag voor die kruisiging . . . net drie dae voor Sy dood. Die Here Jesus se tyd is baie min . . . veral om Sy dissipels voor te berei met die oog op wat met Hom gaan gebeur en veral die kruisdood.

Verder moet ons ook baie goed begryp dat Christus onder groot spanning en druk leef en werk — wie sal nie as jy moet weet wat alles presies met jou gaan gebeur nie, veral as jy moet weet dit gaan op die dood uitloop.

Vervolgens was Jesus besig om afskeid te neem van hierdie sondige wêreld.

. . . sy dissipels wat Hy liefgehad het . . . ook diegene wat Hom verag en verwerp het. Daarom hierdie preek . . . hierdie profetiese rede — 'n *troosryke toekomsblik!* Maar as ons dit lees dan vind ons baie duidelik uit dat dit nie *net* om die toekoms gaan nie . . . maar Jesus laat die klem val op die *daad*.

Met ander woorde:

- hoe die gelowige moet *optree* in die toekoms
- die *plig* van elke navolger van Christus
- die *daad* van die kind van God.

En wat van die toekoms?

Die einde kom . . . die oordeel ... die wederkoms is naby. En tog — tog moet 'n hele reeks gebeurtenisse dit voorafgaan:

- +++ rampe
- +++ oorloë
- +++ opstande
- +++ moord
- +++ haat
- +++ valsheid

Maar midde in hierdie negatiewe strydperk, *moet* die kind van God gelowig bly. *Volhardend tot die einde toe*. Ja, tot die einde toe moet ek en jy die Evangelie van verlossing in Christus verkondig (Matt. 24:1-4).

En hierdie heerlike verlossings-evangelie sal ons gereed maak om ons God te ontmoet.

Is *jy* gereed om j<sup>ou</sup> God te ontmoet? Maak gereed deur die *Woord van God te bestudeer* en jouself deur die *Heilige Gees te laat lei*.

**Ds. Nico Ligthelm**

# Soos 'n dief in die nag

Veral jongmense sê baie keer . . . miskien het jy dit al gehoor of self gesê: "Eendag as ek ouer is . . . sal ek met God regmaak." En intussen doen so 'n mens net wat hy wil; sê wat hy wil; leef soos hy wil, wat God sê en wat die Bybel sê is van minder belang.

Jy is tog maar net eenmaal jonk . . . geniet jouself . . . gaan voluit — en as jy ouer word "dan sal ek met God regmaak."

Weet jy, geliefde Leser, dit is 'n vreeslike dwaasheid, Want . . .

- het jy mag oor jou lewe of oor jou dood?
- kan jy die son laat opkom?
- of kan jy laat reën
- of kan jy siekte of gesondheid beheer?

*Nee!*

Dit is mos God wat laat leef of laat sterf. *Inteendeel*. . . 'n mens het geen beheer oor jou geboorte of sterwe nie. Daarom . . . en juis daarom moet jy met God en sy Kerk regmaak . . . môre kan te laat wees! Want "*niemand* weet wanneer die dag en uur kom nie . . ." (Matt. 24:36). "Daarom moet julle altyd gereed wees . . ." (Matt. 24:44).

En nou sê Christus in Matt. 24:43: "As die huiseienaar geweet het watter tyd van die nag die dief kom, sou hy wag gehou het . . ." Natuurlik, sê jy — dis mos logies!

"Om dieselfde rede moet julle ook *altyd* gereed wees." (Matt. 24:44.) As jy dan nog nie met God reggemaak het nie . . .

- gaan daar nog 'n dag kom om dit te doen?
- gaan daar 'n môre wees?

Niemand weet dit nie! Ook nie jy of ek nie.

*Wees dus altyd gereed!*

*Hoe?*

Deur jouself in die Woord van God te verdiep . . .

- lees die Bybel . . .
- bestudeer dit . . .
- gaan hoor as dit gepreek word . . .

***En jy sal gereed wees.*** Daarvoor sorg Jesus Christus deur sy Heilige Gees.

*Hoe?*

- Deur in die gebed jou God te soek . . .
- bely jou sonde . . .
- smee om vergifnis . . .
- vra genade en krag om beter te lewe . . .

**en jy sal gereed wees.**

Daarvoor sorg die Here Jesus deur sy Heilige Gees.

Wees dus altyd gereed.

God sal jou genadig wees.

***Ds. Nico Ligthelm***

# Waak!

"Waak dan, omdat julle nie weet op watter dag en uur dit sal gebeur nie." (Matt. 25:13.)

Die gelykenis van die vyf verstandige en die vyf onverstandige meisies in die profetiese rede van Jesus wat in Matt. 25:1—13 opgeteken is, wil ons waarsku om voorbereid te wees op die onverwagte wederkoms van die Here Jesus Christus.

Ons moet waak en gereed wees omdat ons nie weet wanneer dat dit sal gebeur nie.

En om te waak, beteken hier nie bloot om na die hemel te sit en kyk nie. Ja, om te sit en kyk of ons nie die eerste tekens van die wederkoms kan gewaar nie;

- dit is nie net om uit die tekens van die tye te probeer vasstel hoe laat dit nou op God se uurwerk is nie.

Maar om te waak, beteken hier om te werk;

- om besig te wees met geestelike voorbereidingswerk;
- om tot geestelike paraatheid te kom vir die ontmoeting met ons hemelse Bruidegom;
- om te sorg dat ons geloofslampe vol olie bly, sodat ons nie soos die vyf onverstandige meisies onverhoed betrap word nie. Want dan sal ons, soos hulle, voor geslote deure te staan kom en die onverbiddelike woorde hoor: "Ek sê vir julle: Ek ken julle nie!"

Dit is hartroerend om te sien hoedat die vyf onverstandige meisies van ons gelykenis tevergeefs allerhande desperate pogings aanwend om nog olie te bekom en hulle lampe brandend te hou, toe hulle berig ontvang dat die Bruidegom aan die kom is.

Maar dit was te laat, want intussen het die Bruidegom gekom, die bruilofsfees het in aanvang geneem en die deur is gesluit. En toe hulle aanklop was hulle toegang geweier. So is daar vandag ook talle mense wat as onverstandig bestempel kan word;

- mense by wie die paraatheid ontbreek,
- en wat geen toegang tot die hemelse bruilofsfees sal ontvang nie.

Mense wie se geloofslampe vir 'n tyd lank heel verdienstelik brand met die olie van skyngeloof en skynbekering.

Maar om middernag, as die Bruidegom in aantog is, dan kwyn die vlam en gaan dit dood. Want hierdie mense het geen voorsorg getref om die olievoorraad aan te vul nie.

*En dan is dit vir ewig te laat!*

Die wederkoms van ons hemelse Bruidegom, Jesus Christus, sal die finale skeiding bring tussen gelowiges en ongelowiges, verstandiges en onverstandiges, voorbereides en onvoorbereides.

En dan sal niks meer help nie:

- nie 'n geskarrel om olie in die hande te kry nie;
- ook nie 'n wanhopige geroep voor die toe deur nie.

'n Naarstigtelike gesoek na 'n Bybel en 'n laaste beroep op 'n predikant sal vrugteloos wees — want dan is die deur vir ewig gesluit. Daarom moet ons waak en gereed wees en onself voorberei op die *wederkoms*.

Hoe lank die genadetyd nog is weet ons nie. Dit mag nog honderde jare wees, of enkele minute voordat ons voor die Regter van hemel en aarde staan.

Wat ons wel weet, is dat dit nou genadetyd is. Die feit dat Jesus hierdie gelykenis vertel het, beteken dat daar nog hoop is vir die onverstandiges van die wêreld wat ag gee op Sy Woord en roepstem, en hulle bekeer. Deur Christus se verdienste staan die deur nog oop — maar eendag sal dit onherroeplik toegaan. Wees gereed! Die Bruidegom *kom!*

***Ds. Pieter van der Walt***

# Gebruik jou talente

Matt. 25:15 "Hy het aan elkeen volgens sy bekwaamhede gegee".

Elke mens het van die Here sekere talente ontvang. En Hy verwag van ons om daardie talente voluit te gebruik — nie tot ons eie voordeel nie, maar in diens van sy Koninkryk.

Om hierdie saak te verduidelik het Christus die gelykenis van die talente vertel.

## Eerste toneel

'n Man van adellike afkoms (dit is Christus) gee aan sy slawe (dit is ons) elkeen 'n goue geldstuk — en daarmee moet hy aan die werk spring. Hy moet daarmee woeker en wins maak solank as wat sy Eienaar weg is.

Ons moet dit goed raaksien in die gelykenis dat Christus nie van ons iets verwag om te doen wat ons nie in staat is om te doen nie. Hy gee aan elkeen 'n talent *na sy vermoë*.

Die tyd waarin jy die talent moet gebruik, is nou! Tussen Christus se koms en sy wederkoms moet ons aan die werk spring en woeker met die gawes en geleenthede wat Hy aan ons gee.

## Tweede toneel

In die tweede toneel van die gelykenis sien ons hoe die slawe met die geld te werk gaan wat aan hulle toevertrou is. Die een slaaf het met sy een geldstuk tien verdien. Dus 1000% wins. En 'n tweede een het 500% wins behaal. Inderdaad manjifieke prestasies!

'n Derde slaaf het egter *niks* met sy geld bereik nie. Hy het dit nie eers vir 'n bankier gegee om rente te loop nie.

## Derde toneel

Die derde toneel van die gelykenis verplaas ons na die wederkoms van Christus toe. Wanneer Hy weer kom dan gaan Hy van elke mens rekenskap vra van wat hy met die talente gedoen het wat hy van die Here ontvang het.

- Jy wat mooi kan sing — het jy toe gesing?
- Jy wat ander mense kan vertroos uit die Woord van God — het jy hulle toe besoek en moed ingespraak?
- Jy wat die gawe ontvang het om in stilte in jou binnekamer te bid — het jy toe vir die eensames en die siekes en die gevangenes gebid?
- Kortom: Het jy jou hande uit jou moue gestee om die gawes wat die Here vir jou gegee het, te gebruik — in die belang van jou naaste en ten behoeve van die uitbreiding van die Koninkryk van God?

## Die getroue slaaf

Die getroue slaaf wat nie lui was om met sy gawes te woeker nie, kan uit die mond van sy eienaar, Jesus Christus, die beste nuus van alle nuus hoor: "Kom in en deel in my vreugde." (Matt. 25:21).

Die goeie slaaf is salig — nie omdat hy goeie werke gedoen het nie, maar omdat hy die opdrag van sy Eienaar ernstig ter harte geneem het. Hy het naby aan Hom geleef — al was Hy weg.

Hy het die tyd uitgekoop. Hy het alles gedoen wat sy hand gevind het om te doen. Hy het die beste gebruik gemaak van elke geleentheid wat aan hom gebied is.

En dat hy dit gedoen het uit dankbaarheid en uit gehoorsaamheid vir die heerlike wete wat hy kon hê: Ek is salig omdat my Eienaar my met Sy bloed gekoop het!

## **Die slegte slaaf**

Die slegte slaaf se verskoning waarom hy nie met sy talent gewoeker het nie is dat hy bang was vir sy baas. Dit beteken hy het nie in 'n noue geloofsverbondenheid aan sy eienaar gelewe nie.

As 'n mens nie naby aan God lewe nie, dan sal jy bang wees vir Hom, dan sal jy sidder vir die dag van Sy wederkoms, dan sal die Satan jou allerlei waterdigte verskonings in die mond lê.

- Nee, die ware kind van God gebruik die gawes wat die Here vir hom gegee het.
- Die ware kind van God is nie lui en vol verskonings nie.
- Die ware kind van God sien met groot verlange uit na die wederkoms van Christus — om saam met Hom opgeneem te word in sy ewige heerlijkheid.
- Mag u van die Here die genade ontvang om met die gawes wat Hy aan u gegee het so te woeker dat u nie vir Hom bang sal wees wanneer Hy op die laaste dag daaroor van u rekenskap vra nie!

***Ds. A. H. Grove***

# Dra Vrugte!

Ons noem onself christene!

En weet u — christen beteken om in alles (woorde, denke, daed) altyd (onder alle omstandighede) navolger te wees van Jesus Christus! Maar . . . nou is baie slegs christene...

- as dit hom pas
- as dit tot sy voordeel is
- as dit vir hom gerieflik is

So uiterlik . . . 'n vertoon-christen

'n seisoen-christen.

As ons egter die wonder van Jesus in Matt. 21:18 en 19 lees, sien ons baie duidelik dat God só 'n gesindheid vervloek.

Want in Matt. 21 lees ons dat Jesus honger was. By die vyeboom gekom, vind Hy daar geen vrugte aan nie. Dan vervloek Christus die boom . . . en ons lees: ". . . en die vyeboom het dadelik verdroog".

Die vyeboom was net blare . . . skyn . . . van buite mooi — maar géén vrugte nie.

Dit was 'n sierboom onder die naam van vrugteboom. Dit word deur God vervloek!

Juis daarom leer die wonder ons:

- God soek aan elke kind van Hom vrugte van bekering
- daed van dankbaarheid.

Ja, ons moet daders wees van die Woord van God . . .

- nie net hoorders wat hoor en nooit doen nie! Dis soos die apostel Jakobus sê: "Geloof sonder werke . . . is dood!"

Ons moet glo in Christus — *altyd*

Ons moet bid — *'n lewe van gebed*

Ons moet die kerk besoek — *al is jy moeg of vaak*

Ons moet Bybel lees — *maak tyd daarvoor.*

Maar boweal — ons moet die Woord doen . . . voluit doen.....altyd doen.

Ons moet die Woord leef . . . Voluit en altyd.

Want ons Here en Meester, Jesus Christus, was altyd gereed . . .

- om vir jou te sterf
- om jou lief te hê
- om jou sonde te vergewe

Dra *dan vrugte van bekering en dankbaarheid.*

**Ds. Nico Ligthelm**